

Begrip en taal vir graad 11 & 12

Begripsvraag 1:

Graad 12 Afrikaans

Huistaal

Deur: Tertia Minnie (Helpmekaar Kollege)

Lees **Die verlange na privaatheid in kuberkoninkryk** (Teks 1) aandagtig deur en beantwoord dan die vrae.

Die verlange na privaatheid in kuberkoninkryk

Volksblad, 15 Augustus 2018, Wilhelm Jordaan

1. In sy eiesoortige Kaaps verwoord die digter Nathan Trantraal in 'n onlangse rubriek 'n groeiende probleem vir bewoners van die kuberkoninkryk – die verlies aan privaatheid.
2. Hy skryf: “Ôs kinnes gan opgroei en nie die konsep van privacy vestaanie. Hulle gan die loss voel sône om te wiet wat hulle mis.
3. “Wan privacy isse basic human right, soes wate en lug, it is in ôs genes soesit inne vis se genes is om onne wate asem te haal.”
4. In dié trant gaan hy voort en bevestig dat hy “sône ienagge announcement van sy Facebook geretire het . . . net quietly getry om trug te beweeg na my self toe, trug in myself”.
5. Dié verlange na privaatheid behels wesenlik dat 'n mens voel jy word toegelaat om beheer te hê oor hoeveel kontak jy met mense wil hê en met wie. En wat jy oor jouself wil meedeel.
6. Die ideaal is dat 'n mens se sin vir privaatheid en jou private self (jou eiesoortige mensheid) in die veilige ruimte van hegte verhoudings beslag kry, soos dit in die gesinslewe kan gebeur.
7. Algaande buite die gesinskring ontdek jy ander mense (geliefdes, vriende en kollegas) by wie jy aanklank vind. Wanneer dít wedersyds gebeur, dra mense werklik kennis van mekaar. Dit beteken jy dra dié kennis van ander saam as 'n gewig wat ook op jôu skouers rus – soms swaar en pynlik soos vir die ander; soms verruklik lig, speels en prettig.
8. Kuberkommunikasie het dié moontlikhede uitgebrei, veral teen die agtergrond van globalisering en die diaspora van gesinne en vriende. Met oordeelkundige gebruik as wagwoord.



9. Ongelukkig het dié uitbreiding ook 'n kultus geword waarin dit makliker en minder bedreigend is om "aanlyn" mens te wees as om dit in "lewende lywe" te wees.
10. Want "aanlyn" is sonder brieke – jy kan sê wat jy wil en wees wat jy wil. "Lewende lywe" eis 'n dekorum van mekaar in die oë kyk; 'n basiese ordentlikheid met 'n korreksie en bestraffing as jy te ver gaan.
11. "Aanlyn" word privaatheid 'n soort skouspel – jou kans om "awesome" te wees, gedra deur die illusie dat jy na die kuberhemel van bekendheid en vriendskap sal verhuis.
12. Dit word bevorder deur die wyse waarop baie glansmense hul privaatheid aanwend om nog meer bekendheid en aansien in die openbare ruimte te bekom.
13. En jy sien dié patroon: Flentertjies ervarings, triviale voorvalle en biegbonanzas floreer, afgewissel deur oppervlakkige sedeprekies en uitsprake oor wat die lewe hulle tot dusver (so kort as 20 jaar!) geleer het
14. Oplaas gaan dit egter oor egostreling en selfpromosie as die "likes" kopknikkend instroom.
15. Daarmee skep die glansmense vir die gewones 'n kuberverslawingsmodel – 'n soort "dwelm" van 'n "plek" en 'n "stem" in openbare ruimtes waar jy na hartelus 'n oopgespalkte self sonder 'n krieseltjie privaatheid kan weef.
16. Al is die weefstof selfoorskating, wensdenkery of brokkies post-waarheid koelbloedig gelieg.

Vraag 1

- 1.1. Verduidelik in jou eie woorde wat die volgende twee sake in die konteks beteken:
 - 1.1.1 "kuberkoninkryk" (titel) (1)
 - 1.1.2 "verlies aan privaatheid" (paragraaf 1) (1)
- 1.2. Skryf die korrekte nommer en antwoord neer. Die woord "groeierende" (par. 1) is:
 - 1.2.1 'n sterk verlede deelwoord gebruik as bywoord van wyse.
 - 1.2.2 'n swak verlede deelwoord gebruik as hoofwerkwoord.
 - 1.2.3 'n teenwoordige deelwoord gebruik as predikatiewe byvoeglike naamwoord.
 - 1.2.4 'n teenwoordige deelwoord gebruik as attributiewe byvoeglike naamwoord. (1)
- 1.3. Trantraal skryf in Kaaps, 'n dialek van Afrikaans.
 - 1.3.1 Watter klankverskynsel is in die woord "Wan" (par. 3)? (1)
 - 1.3.2 Skryf enige ander kenmerk van hierdie dialek neer wat jy in die aanhalings (par. 2-4) opmerk en staaf dan jou antwoord met 'n aanhaling uit die teks. (1)
 - 1.3.3 Dink jy die skrywer van hierdie rubriek, Wilhelm Jordaan, moes eerder die aanhalings van Trantraal in Standaardafrikaans vertaal het? Motiveer goed. (2)
- 1.4. In paragraaf 6, 7 en 8 word die proses uiteengesit waardeur 'n sin vir privaatheid gevorm word, spesifiek hoe dit ontwikkel of progressie ondergaan. Bespreek hierdie stelling volledig in jou eie woorde. (3)
- 1.5. Die WAT omskryf "diaspora" as die "verspreiding, verstrooiing van die Jode buite die Heilige Land" (<https://viva-afrikaans.org>). Verduidelik in jou eie woorde waarna die konsep "diaspora" (par. 8) in hierdie konteks verwys. (1)
- 1.6. Benoem en verduidelik die betekenisverband/paragraafskakeling tussen paragraaf 9 en 10 in die konteks. (2)

Huistaal

- 1.7 Wat dink jy word bedoel met die stelling dat 'n "aanlyn"-teenwoordigheid "jou kans (is) om 'awesome' te wees" (par.11)? Gee 'n voorbeeld om jou verduideliking te staaf. (2)
- 1.8 Verbuig die selfstandige naamwoord "skouspel" (par. 11) na 'n byvoeglike naamwoord wat in hierdie sin pas: *Sy het 'n (skouspel) reeks foto's op haar Instagram-rekening.* (1)
- 1.9 Die frase "die kuberhemel van bekendheid en vriendskap" (par. 11) kan as hiperbolies en sarkasties geles word. Verduidelik hierdie stelling deur albei onderstreepte konsepte in die konteks te omskryf en verduidelik. (4)
- 1.10 Die inskrywings van bekendes op sosiale media word soos volg beskryf: "flentertjies ervarings, triviale voorvalle en biegbonanzas" (par.13). Kies een van dié drie aspekte en verduidelik volledig in jou eie woorde wat daarmee bedoel word in die konteks. Gee jou eie voorbeeld om jou antwoord toe te lig. (2)
- 1.11 Wat dink jy word bedoel daarmee dat die " 'likes' kopknikkend instroom"? (par. 14) Vervang die onderstreepte woord met 'n letterlike alternatief as antwoord. Skryf net die woord neer. (1)
- 1.12 In paragraaf 15 word drie verskillende metafore (onderstreep) gebruik ten opsigte van die manier waarop mense die internet gebruik om hulleself te bemark. Bespreek die betekenis van enige twee van hierdie metafore volledig in die konteks. (3)
- 1.13 Een van die elemente wat gebruik word om 'n aanlyn-beeld te bou, is stukkie "waarheid gelieg" (par.16). Benoem die stylfiguur wat hier gebruik word en verduidelik waarom jy so sê. Betrek die konteks. (2)

[28]

Vraag 2

Lees **Boek leer jonges van land se 'superhelde'** (Teks 2) en beantwoord die volgende vrae.

Boek leer jonges van land se 'superhelde'

Beeld, 21 Augustus 2018, Laetitia Pople

- Hoe verduidelik 'n mens aan 'n kind van watter stoffasie 'n held gemaak is? Is dit 'n breëborssuperheld wat mense uit geboue red of wat blitsig van gedaante verander en teen die spoed van lig mense te hulp snel soos hulle in Hollywood-flieks sien?
- In die nuwe kinderboek Helde van Suid-Afrika 2 ontmoet kinders wat pas begin lees het van Suid-Afrika se dapperste helde.
- Onder die helde tel die skoolseun Pieter Koen, wat vyf van sy skoolmaats gered het in die Westdene-busramp, maar toe self verdrink het; Hector Pieterse wat deur die polisie doodgeskiet is op 16 Junie 1976, die dag wat gehuldig word as Jeugdag; en die mynwerker Richard Simelane wat 18 van sy makkers met sy kaal hande uitgegrawe het ná 'n mynstorting.




4. Maartens het helde gesoek wie se storie vir haar 'n hol kol op die maag gee.
5. In die boek is daar nie politieke figure nie. "Die rigting van 'n land en sy mense word nie soseer deur politici bepaal nie. Dit word deur die gesindheid, etiek en hardwerkendheid van die landsburgers bepaal," reken Maartens.
6. Kinders doen wat hul ouers doen, meen sy. "Baie mense werk so hard om die blink kant bo te hou – die vals beeld van sosiale media – maar as dit heelyd goed gaan, leer kinders nie om moeilike tye aan te durf en probleme behoorlik op te los nie."
7. "Die helde in die boek was almal doodgewone mense. Hulle was nie bang vir swaarkry nie. Hulle het nie moed opgegee nie en nie omgegee om ongewild te wees nie. En geld het nie in een van die verhale 'n rol gespeel nie."
8. Maartens glo dat die grootste geskenk wat 'n kind vir hom- of haarself kan gee, "is om jousef met niemand te vergelyk nie, maar net die beste jy onder die son te wees".

[*Helde van Suid-Afrika 2* is geskryf deur Wendy Maartens en word deur LAPA Uitgewers uitgegee.]

- 2.1 Waarom is die woord 'superhelde' in die titel tussen aanhalingstekens?
Betrek paragraaf 1 by jou antwoord. (2)
- 2.2 Is die woord "kinderboek" (par. 2) 'n samestelling of 'n afleiding? Skryf ook die morfologiese onderdele van die woord neer en benoem elkeen. (2)
- 2.3 Paragraaf 3 bestaan uit een lang sin.
2.3.1 Skryf die hoofsin neer. (1)
2.3.2 Dink jy die sin is verwarrend omdat dit so lank is of het dit 'n helder struktuur?
Betrek minstens een vakterm uit sinsleer om jou antwoord toe te lig. (1)
- 2.4 Gee die wisselvorm van die woord "politici" (par.5). (1)
- 2.5 Die volgende sin in paragraaf 5 is in die lydende vorm (passief):
Die rigting van 'n land en sy mense word nie soseer deur politici bepaal nie.
2.5.1 Skryf die sin oor in die bedrywende vorm (aktief). (2)
2.5.2 Waarom dink jy word "Die rigting van 'n land en sy mense" uitgehef deur voorplasing in die oorspronklike sin? Verwys in jou antwoord na die sin wat daarop volg. (1)
- 2.6 In paragraaf 7 noem die skrywer 'n paar eienskappe van die helde wat sy gekies het.
Watter soort mens beskou jy as 'n held? Skryf jou eie definisie van nie meer as 40 woorde nie. (2)

[12]



Nasienriglyne

VRAAG 1			
Nr.	Antwoord	Denkvlak	Punt
1.1.1	Die onsigbare “land” of gebied waar die internet heers/die digitale ruimte waar mense inligting publiseer	Bloom 2	1
1.1.2	Dat inligting oor mense wyd beskikbaar is, dat enigeen toegang het tot iemand se foto’s of idees wat hulle op die internet deel	Bloom 2	1
1.2	1.2.4 teenwoordige deelwoord gebruik as attributiewe b.n.w.	Bloom 3	1
1.3.1	Klankweglating/klankverlies (apokopee/agterafkapping)	Bloom 1	1
1.3.2	Nasalering, bv. ôs, sône Assimilasie, bv. kinnnes, sône, soesit, inne, onne, Engelse woorde, bv. concept, privacy, loss, basic human right, (genes), try, retire, announcement, quietly Anglismes, bv. opgroei Vokaalverandering, bv. gaan→ gan, weet→ wiet, enige→ ienagge [½ punt vir kenmerk, ½ punt vir voorbeeld]	Bloom 2, 3	1
1.3.3	Ja, die Kaaps is moeilik om te verstaan. Dit skep verwarring en kan daartoe lei dat lesers glad nie weet waaroor sy hele rubriek gaan nie. OF: Nee, dit gee geloofwaardigheid en oortuiging aan Jordaan se rubriek dat hy Trantraal in outentieke/egte Kaaps aanhaal. (1 as reg maar yl, 2 as volledig en ryk)	Bloom 4	2
1.4	’n Sin vir privaatheid begin in die veiligheid en hegtheid van ’n gesin (1= par.6), en ontwikkel dan verder in ’n wyer konteks van geliefdes, vriendskappe en die werksomgewing (1= par.7), en dan nog verder in die globale konteks van die internet. (1= par.8)	Bloom 4	3
1.5	Verspreiding/verstrooiing van (SA) mense oor die hele wêreld a.g.v. emigrasie.	Bloom 2	1
1.6	Redegewend. (1) Par.9 maak die stelling dat dit makliker is om op die internet te funksioneer as persoonlik tussen mense, par.10 gee die rede vir hierdie stelling, nl. dat daar onbeheerde vryheid op die internet is. (1= in konteks verduidelik)	Bloom 1,2	2
1.7	Jy kan kies watter kante van jouself en jou ervaring jy publiseer op die internet, dus kan jy jou beste, mees indrukwekkende, wonderlikste (“awesome”) self wys. (1) Byvoorbeeld: waar jy pragtig gegrimeer in jou mooiste uitrusting by ’n partytjie lag en gesels,/teen ’n sonsondergang by die see romanties saam met iemand stap (maar nie waar jy alleen sit en kwaad voel nie). (1= enige eie voorbeeld).	Bloom 5	2
1.8	skouspelagtige [LW korrek verbuig, anders 0]	Bloom 2	1

1.9	<p>“kuberhemel” is oordrywing (1 – definisie van <u>hiperbool</u>), want hemel impliseer iets is vir ewig perfek en wonderlik terwyl die internet vreugde kan bring, maar nie só ekstremes nie. (1 – konteks) Om na die internet as ’n kastyge “kuberhemel van bekendheid en vriendskap” te verwys, is spottend en kritiseer/beledig (1 – definisie van <u>sarkasme</u>) die mense wat glo hulle gaan deur Facebook/Instagram/Twitter beroemd word en baie vriende maak. (1 – konteks)</p>	Bloom 2, 3	4
1.10	<p>“Flentertjies ervarings” → verwys verkleinerend/minagtend (litotes) na hoe onbenullig en klein die belewenisse is waarmee die bekendes op die internet spog, bv. iemand het ’n koek gebak of winkel toe gegaan. “Triviale voorvalle” → onbelangrike, onbenullige insidente wat op sosiale media gedeel word, bv. om jou toon te stamp of iemand wat voor jou ingedraai het. “Biegbonanzas” → iemand wat oordadig en uitgereek, amper feestelik, sy foute of swakhede bely op sosiale media, bv. iemand wat honderde woorde skryf oor hoe lelik sy met haar kêrel was ... (1 – verduideliking in konteks, 1 – voorbeeld)</p>	Bloom 2	2
1.11	goedkeurend/aanmoedigend/ondersteunend ...	Bloom 2	1
1.12	<p>Moontlike idees (NB dat konteks ook betrek word, nie net woordverklarings): dwelm: mense raak <u>verslaaf</u> aan sosiale netwerke waar hulle hulle eie beeld kan bou en hulle stem kan laat hoor. Hulle raak <u>afhanklik</u> van dié projeksie van ’n glansryke self, van die interaksie en van positiewe terugvoer van ander. Hulle <u>kan nie anders</u> as om <u>gedurig besig</u> te wees om foto’s en gedagtes te pos nie ... oopgespalkte self: mense lê hulleself <u>bloot</u> op sosiale media. Hulle <u>stal</u> alles wat hulle doen, almal wat hulle ken, oral waar hulle gaan <u>uit</u>. Hulle maak hulleself <u>kwesbaar</u> omdat hulle <u>niks privaat</u> hou nie ... weef: soos ’n stuk geweefde lap <u>skep</u> mense ’n identiteit vir hulleself op sosiale media. Hulle <u>sit</u> ’n profiel <u>aanmekeer</u> wat vir hulle mooi/goed/ indrukwekkend is en wat hulle dink goedkeuring gaan kry. Hulle gebruik foto’s, teks, ervarings, vertellings ... om hierdie beeld te skep [Hulle kan par.16 ook hier betrek.] [1 vir elke verduideliking in konteks= 2 +1 vir rykheid en diepte]</p>	Bloom 5, 6	3
1.13	<p>Paradoks – waarheid en lieg is teenstrydig, maar in die konteks beteken dit dat stukkies van werklike gebeure/eienskappe op sosiale media op so ’n manier verpak word dat dit eintlik ’n leuen word. Dalk ook: kontras/antitese/teenstelling → waarheid vs lieg/leuen, bv. die feite op sosiale media is dalk waar, maar dit word oordryf of verkeerd aangebied Ironie → mens verwag dat aanlyn-profiel waar sal wees, MAAR dan word dit só aangebied dat dit eintlik leuens is. [1=benoeming; 1=verduideliking in konteks]</p>	Bloom 3	2
			[28]

Huistaal

Vraag 2			
2.1	Die woord word in 'n ander konteks en betekenis gebruik as gewoonlik: onder die woord "superheld" word gewoonlik 'n fantasie-figuur in films bedoel wat deur bonatuurlike toertjies mense red soos in par.1 beskryf. (1) Hierdie boek beskryf gewone mense se heldedade wat ook "super"-indrukwekkend is, al het hulle nie spesiale kragte nie. (1)	Bloom 4	2
2.2	Samestelling ($\frac{1}{2}$). Kind=stam ($\frac{1}{2}$) en boek=stam ($\frac{1}{2}$); er=verbindingsklank ($\frac{1}{2}$).	Bloom 1	2
2.3.1	Onder die helde tel die skoolseun Pieter Koen; Hector Pieteron; en die mynwerker Richard Simelane. OF: Die skoolseun Pieter Koen; Hector Pieteron; en die mynwerker Richard Simelane tel onder die helde.	Bloom 3	
2.3.2	Al is die sin lank, het dit 'n duidelike struktuur. Die hoofsin is deur <u>inversie</u> omgekeer, maar die <u>onderwerp</u> is steeds duidelik "die skoolseun Pieter Koen; Hector Pieteron; en die mynwerker Richard Simelane". OF: Elke naam in die onderwerp word uitgebrei met 'n <u>byvoeglike bysin</u> ingelei deur "wat". (Nog moontlikhede wat sinsleerterme betrek?) [LW term korrek in konteks gebruik.]	Bloom 4	
2.4	politikusse	Bloom 1	1
2.5.1	Politici bepaal (1 ww) nie soseer die rigting van 'n land en sy mense nie. (1 res)	Bloom 2	
2.5.2	Dié onderwerp is die belangrikste/fokus-element van die sin – in die volgende sin word die woord "Dit" gebruik wat terugverwys na hierdie onderwerp.	Bloom 4	3
2.6	Inhoud is oop, solank dit nie uit die teks oorgeskryf is nie. Bv. Iemand wat sterk beginsels het/iemand wat ander se belange bo sy eie stel ... (Ryk vir 2 punte.) Aanbieding in korrekte, afgeronde taal. Penaliseer vir foute: $-\frac{1}{2}$ of -1.	Bloom 6	2
			[12]

